

## HOOFSTUK 4

### DIE KAMPLEWE

Binne 'n maand na die besetting van Pietersburg is 1113 mense van die plase af ingebring na die pasgestigte konsentrasiekamp en nog 'n maand later was daar 3145 mense in die kamp. Die eerste en belangrikste taak van die Britse owerheid was om hierdie duisende mense fisies te versorg. Die Britse owerheid moes behuising, voedsel, klere, water, sanitêre en ander geriewe voorsien sodat hierdie mense wat van hulle huise en bestaansmiddele ontnem is, kon leef en oorleef.

#### 4.1 BEHUISING

Daar was geen geboue op die terrein waar die konsentrasiekamp opgeslaan is nie, sodat 'n hele tentdorp verrys het. Die tente is in rye opgeslaan met genoegsame spasie tussen die tente vir vuurmaakplek, asook vir voertuie om te ry.<sup>1</sup> Die afstand van paal tot paal was 15 jaarts (13,76 meter) by 12 jaarts (11 meter) in die ou deel van die kamp en later in die nuwe deel van die kamp was die afstand selfs verder.<sup>2</sup>

Die behuising in die konsentrasiekamp het dus aanvanklik net uit tente bestaan. Eerstens is daar van die "bell"-tente gebruik gemaak. Dit was die gewone ronde tipe tent. Die markeetent is ook gebruik. Die tipe tente

---

<sup>1</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.261.

<sup>2</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

is kantig en ook groter as die ronde tent. Dan is daar ook nog van E.P.-tente gebruik gemaak.<sup>3</sup>

Aanvanklik was daar 'n tentskaarste. Vanaf die 1ste tot die 12de Mei 1901 is 1113 "vlugteling" in die dorp gehuisves terwyl daar gewag is op die koms van die tente. Baie mense het selfs ook in hulle waens gebly. Op die 12de Mei 1901 is die kamp opgeslaan, maar omtrent 300 mense het nog vir die res van Meimaand in die dorp gebly aangesien daar te min tente was.<sup>4</sup> Daarna word nie weer melding gemaak van 'n tenttekort nie en gedurende Oktober 1901 was daar vier markeetente en een seil wat nie in gebruik was nie.<sup>5</sup>

Met die stigting van die kamp in Mei 1901 het die kamp uit 300 ronde tente, drie E.P.-tente en 25 markeetente bestaan.<sup>6</sup> En in November 1901 het die kamp uit 700 ronde tente, 50 groot markeetente, 33 middelslag markeetente, nege E.P.-tente en agt seile bestaan.<sup>7</sup> Die inwoners het in die ronde of markeetente gewoon. Slegs een E.P.-tent is aan 'n burger toegesê, naamlik kommandant Rensburg.<sup>8</sup>

---

<sup>3</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>4</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>5</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.95; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900 - August 1905, Band 11, October 31st., 1901, Monthly Report.

<sup>6</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>7</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November, 1901, Monthly Report.

<sup>8</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks. Daar word deurgaans net van kommandant Rensburg gepraat. Die "van" is waarskynlik uitgelaat.

Al bogenoemde tente is natuurlik nie bewoon nie. Een groot markeetent is byvoorbeeld as skool en kerk gebruik, een is aan kommandant Buys en sy mense - die Kleurlinge - toegesê en een is as stoor gebruik. Van die middelslag markeetente is een as apteek gebruik, een is verdeel en het gedien as die dokter se spreekkamer en slaapvertrek vir die apteker en een is aan die matrone toegesê. Van die E.P.-tente is vier as hospitaal gebruik, een is deur die dokter en een is deur die hospitaalpersoneel gebruik, terwyl een as hospitaalstoor gedien het.<sup>9</sup>

Een van die kampregulasies aan die superintendent was dat oorbevolking van die tente voorkom moes word. Die algemene reël was dat daar nie meer as vyf persone in 'n ronde tent en nie meer as twintig persone in 'n markeetent mag woon nie.<sup>10</sup> Die Dameskomitee meld dat wanneer 'n weermag in die veld is en voortdurend rondbeweeg kan sestien soldate in 'n ronde tent bly, maar in 'n konsentrasiekamp waar mense vir maande, selfs jare op een plek woon, is meer as vyf persone per ronde tent 'n oorbevolking.<sup>11</sup>

Dokter Kendal Franks vind tydens sy inspeksies van die kamp gemiddeld vyf persone per ronde tent, twintig tot vyf-en-twintig persone indien baie kinders deel van die groep was per groot markeetent en gemiddeld

---

<sup>9</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>10</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal, December 1901, p.11, Regulations by General Superintendent of Burgher Camps.

<sup>11</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.17, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

twalf persone per middelslag markeetent.<sup>12</sup> Die Dameskomitee toon dieselfde aantal persone per tent aan en voel dat geen tent in die kamp oorbevolk was nie.<sup>13</sup>

Al was geen tent oorbevolk nie moes dit geweldig ongerieflik gewees het om vir maande en selfs vir 'n jaar of meer in 'n enkele tent wat as sit-, eet-, slaapkamer, kombuis en spens moes dien, te woon. Die ongerief is beslis verder vergroot deurdat verskillende geslagte en ouderdomsgroepe moes saamwoon en terselfdertyd was daar aanvanklik nog altyd siekes wat ook in die tent verpleeg moes word.

Die natuurelemente het ook 'n rol gespeel in die ontberinge en ongerief van die inwoners in die tentbehuising. Die markeetent was oor die algemeen swaarder, sterker en warmer as die ronde tent. Laasgenoemde tent was hoofsaaklik uit Engeland afkomstig, maar die markeetent is in Indië gemaak. Die markeetent was dus bedags koeler en snags warmer as die ronde tent omdat die markeetente oor 'n voering beskik het.<sup>14</sup> In dié tentebehuising het drie aspekte van die klimaat, naamlik temperatuurskommeling, wind en reën baie ongerief meegebring. Met dagtemperature van 33°C en nagtemperature van -1°C moes dit met tye onuithoudbaar warm gewees het. Winternagte en koue snerpemde winde moes ook die lewe in die tente ondraaglik gemaak het. Mevrou J.A. Mollet skryf in haar herinneringe dat dit 'n bitter koue winter was, dat vele mense byna nakend was en dat die tente maar sleg was sodat die son,

---

<sup>12</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>13</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>14</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.151-152.

reën en wind maklik deur kon kom.<sup>15</sup> Snags het die mense die tente dig toegemaak om die maksimum beskerming teen die koue te verkry en gedurende die winter waar dit 'n tydjie geduur het voordat die sonstrale die koue verplaas het, is die tente vir lang tye toegehou. Gevolglik het die binnekant van die tente weinig vars lug gekry. Daar was dus geen behoorlike ventilasie binne die tente waarin pasiënte met aansteeklike siektes gelê het nie en sodoende het baie ongesonde toestande binne die tente geheers.<sup>16</sup> Een van die algemene kampreëls was dat indien 'n tent vakant raak, moes dit eers met swawel uitgerook word, dan afgeslaan en gebêre word sodat die grond weer lug kon kry vir toekomstige bewoning.<sup>17</sup>

Gedurende Julie 1901 was die weerstoestande besonder straf met warm dae en besonder koue nagte en verskeie kere het sterk winde en stofstorms die mense verplig om hul tente vir 'n hele dag dig toe te hou met gevolglike lugbesoedeling.<sup>18</sup> In die regulasies deur die Algemene Superintendent van die konsentrasiekamp is toe aanbeveel dat die syklappe van die tente daaglik opgerol moes word vir vars lug in die tente.<sup>19</sup>

---

<sup>15</sup> M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902*, p.24. Vergelyk hfst. 3 in verband met Pietersburg se klimaat.

<sup>16</sup> J.L. Hatting, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p.152.

<sup>17</sup> Cd. 853: *Further papers relating to the working of the Refugee Camps...*, p.11, *Regulations by General Superintendent of Burgher Camps*.

<sup>18</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.262; DBC: *Director of Burgher Camps...*, band 11, 31st July 1901, *Monthly Report*.

<sup>19</sup> Cd. 853: *Further papers relating to the working of the Refugee Camps...*, p.11, *Regulations by General Superintendent of Burgher Camps*.

Die tente was ook nie almal waterdig nie. Meneer Tucker het ook gekla oor die tente wat nie waterdig is nie en hy het ou tente aangevra om oor die tente wat lek, te trek.<sup>2 0</sup> Dié kamp het egter nie soos in baie ander kampe die probleem gehad dat tydens 'n reën bui die water deur die tente geloop het nie. Daar word gemeld dat min vore en slote vir waterafleiding nodig was aangesien die grond baie poreus was.<sup>2 1</sup>

Die ontberinge van die tentlewe is vergroot deurdat baie mense op die grond moes slaap. Gedurende November 1901<sup>2 2</sup> - ses maande na die kamp se stigting - was daar nog minstens 'n kwart van die tente wat nie beddens gehad het nie en gedurende Junie en Julie sou daar beslis baie meer mense gewees het wat op die grond moes slaap. Die meeste mense het nog sonder beddegoed en voldoende klere in die kamp aangekom.<sup>2 3</sup> Hierdie tentbehuising te same met die grondslapery en onvoldoende beddegoed en klere het beslis 'n bydrae gelewer tot die voorkoms van siektes soos brongitis en longontsteking onder die inwoners.

Eers op 30 November 1901 word gemeld dat van die burgers begin het om vir hulle huisies van roustene te bou.<sup>2 4</sup> Gedurende Desember 1901 is

---

<sup>2 0</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>2 1</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>2 2</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>2 3</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

<sup>2 4</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November, 1901, Monthly Report.

nog twee huisies deur burgers gebou.<sup>2 5</sup> Uit die gegewens blyk dit nie hoeveel sulke huisies gebou is nie, maar twee huisies gedurende Desember vir die aantal inwoners is geweldig min en daarom kan aanvaar word dat die oorgrote meerderheid van die kampinwoners vir die volle duur van hul verblyf in tente gewoon het en baie ongerief verduur het.

## 4.2 WATERVOORSIENING

Water vir drink- en kookdoeleindes is vanuit die Sandrivier wat omtrent 700 jaarts (642,2 meter) vanaf die kamp aan die westekant verby gevloei het, verkry.<sup>2 6</sup>

Die water in die Sandrivier was voldoende vir kampgebruik en dit was skoon en onbesoedeld.<sup>2 7</sup> Voorsorgmaatreëls is ook getref om te verseker dat die water aan die bokant van die kamp glad nie besoedel word nie.<sup>2 8</sup> Daar was vir myle stroomop geen dorp of Bantoenedersetting op die walle van die rivier nie. Die rivier is ook elke oggend gepatroleer vir dooie diere wat dalk in die rivier kon geval het en geen vee mag binne 'n myl bokant die kamp deur die rivier geloop het of gejaag word nie.<sup>2 9</sup>

---

<sup>2 5</sup> DBC: Director of Burgher Camps, March 1900 - August 1905, band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>2 6</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p. 203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>2 7</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p. 69.

<sup>2 8</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>2 9</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p. 203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

Die kamp se wassery is in die rivier gedoen, maar aan die onderkant van die punt vanwaar die kamp se drink- en kookwater verkry is.<sup>30</sup> 'n Badhuis vir vroue is ook langs die rivier opgerig, maar ook aan die onderkant vanwaar die kamp se water verkry is.<sup>31</sup>

In Oktober 1901 het 'n toets, gedoen deur die apteker, getoon dat daar niks in die water was wat skadelik kon wees vir menslike gebruik en gesondheid nie.<sup>32</sup> 'n Monster van die water is nogtans na Pretoria gestuur vir ontleding. Selfs wanneer die rivier afgekom het na swaar reëns het dokter Henderson bevind dat alhoewel die water geelbruin was daar geen skadelike organismes in was nie en dat daar nie 'n merkbare toename in siektes onder die kampbewoners was nie.<sup>33</sup> Hierdie vuil geelbruin water het gou weer baie helder geword aangesien die rivierbedding uit growwe sand bestaan het wat as natuurlike filter gedien het.<sup>34</sup>

Alhoewel die water voldoende en skoon was, was dit 'n probleem om die water in die kamp te kry. Die water is in vate gegooi en dan met waens na die kamp geneem. Meneer Tucker het self gekla dat die metode stadig en moeilik is en dat baie van die kampinwoners verplig was om self met

<sup>30</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.87.

<sup>31</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901; Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.97.

<sup>32</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October, 1901, Monthly Report.

<sup>33</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November, 1901.

<sup>34</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.



emmers water in die rivier te gaan skep.<sup>35</sup> Ellie Naude van Boshhoek, skryf dat sy ver van die water af was en dat sy dit self moes aandra.<sup>36</sup> Mevrou Hermiena Venter kon haar ook herinner dat sy as kind self ook 'n houertjie gekry het om water in die rivier te gaan skep.<sup>37</sup>

Gedurende Mei 1901 het die Royal Engineers twee 1000 gallon tenks en 'n pomp aan die kamp verskaf. Die pomp is gebruik om die vate, op die waens, met die water te vul.<sup>38</sup> Hierdie metode met die vate het Tucker bly hinder. Hy skryf dat as 'n pomp en pype net verkry kon word wat in al die waterbehoefte van die kamp kon voorsien, sou dit 'n groot bydrae gelewer het tot die netheid en gerief van die kampbewoners.<sup>39</sup> Hierdie voorstel van Tucker is egter nooit uitgevoer nie en meneer W.F. Curry, die Sanitêre inspekteur, skryf dat Tucker se voorstel in verband met 'n pompaanleg nog steeds aan te beveel is en uitgevoer moet word.<sup>40</sup>

Gedurende Junie 1901 is drie gegalvaniseerde ystertenks wat elk 1000 gallon (4566,2 L) water kon hou, in die middel van die kamp op sekere afstande van mekaar geplaas. Hierdie watertenks is op steenfondasies geplaas; dit was heeltemal bedek behalwe vir die opening waardeur die

<sup>35</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>36</sup> E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902, p.14.

<sup>37</sup> Persoonlike onderhoud met mev. Hermiena Venter op 13 April 1987 te Pietersburg.

<sup>38</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>39</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.145.

<sup>40</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Pietersburg Camp, 31ste December 1901, Report on the Sanitary Condition.

pype gesteeke het en laasgenoemde opening was veronderstel om kleppe te hê. Elke tenk het twee krane gehad. Die Dameskomitee het bevind dat die grond om die krane baie nat was as gevolg van die nalatige gebruik van die krane. Hulle het aanbeveel dat vore gegrawe moes word om die water af te lei, stene moes op die grond onder die krane gepak word sodat die grond daar nie weggespoel word of poele stilstaande water so gevorm word nie; die klein opening op die tenks moes van 'n klep voorsien word. Die tenks sowel as die vate is gereeld skoongemaak, want wanneer die rivier in vloed was, was daar baie sand in die water wat afgesak het in die tenks en vate.<sup>4 1</sup> Teen Oktober 1901 het agt donkiewaens daaglik 30 vragte water na die tenks in die kamp geneem.<sup>4 2</sup> Die gemiddelde hoeveelheid water elke dag gelewer was plus minus 7000 gallon (31 963,47 liter).<sup>4 3</sup>

Die koste verbonde aan die watervoorsiening van die kamp het £90 per maand beloop. In die sanitêre verslag is aangetoon dat daar genoeg sand en gruis in die rivier was vir filtreringsdoeleindes en dat 'n pompaanleg en 'n filtreertoestel van 5 x 4 jaarts gebou kan word teen 'n koste van £350 tot £400 en sodoende kan oor 'n tydperk van 12 maande £600 gespaar word.<sup>4 4</sup>

---

<sup>4 1</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>4 2</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October, 1901, Monthly Report.

<sup>4 3</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>4 4</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Pietersburg Camp, 31st December 1901, Report on the Sanitary Condition.

Die water was dus skoon, maar tog ongefiltreerd en daarom het die Dameskomitee aanbeveel dat drie 400-gallon-watertenks voorsien moet word vir die kook van alle drinkwater.<sup>45</sup> Of dié aanbevelings uitgevoer is, blyk nie uit die beskikbare gegewens nie.

Die water in die Sandrivier was dus voldoende en skoon, maar die metode om dit in die kamp te kry was stadig, moeilik en selfs duur.

#### 4.3 VUURMAAKGOED

Aanvanklik, net na die oprigting van die konsentrasiekamp, was die voorsiening van vuurmaakgoed maar swak. Die Army Service Corps het wel hout voorsien, maar dit was hopeloos te min. Die voorsiening van steenkool was 'n groot hulp, maar 'n klein hoeveelheid hout was nog altyd nodig om die vure aan te steek.<sup>46</sup>

Mevroue Ellie Naude van Boshoeck, Haenertsburg,<sup>47</sup> en mevrou L. Alberts van Driekop<sup>48</sup> meld dat hulle nie vuurmaakhout gehad het nie en dat hulle mis moes gaan optel om vuur te maak. Dit blyk nie uit hul herinneringe of die tekort aan hout net aanvanklik of vir die hele duur van die kamp se bestaan voorgekom het nie.

---

<sup>45</sup> CD. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>46</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>47</sup> E. Hobhouse, War without glamour..., p.14.

<sup>48</sup> M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.62.

Om hierdie probleem van te min hout te bowe te kom, is daar alreeds gedurende Mei 1901 begin met die tref van reëlings om Boerewaens uit te stuur om hout vir kampgebruik te gaan haal.<sup>4 9</sup>

Volgens Britse verslae was die voorsiening van vuurmaakgoed vanaf Junie 1901 voldoende. Voldoende steenkool is gereeld vanaf Tyne Valley Colliery, Springs verkry en dit is saam met 'n klein hoeveelheid hout onder die kampinwoners versprei.<sup>5 0</sup> Elke gesin het 'n emmer steenkool per week ontvang, maar meer is gegee indien benodig.<sup>5 1</sup>

Die vuurmaakhout wat saam met die steenkool uitgedeel is, is een keer per week deur kampinwoners wat oor 'n span osse en 'n wa beskik het tot so ver as vyftien myl van die kamp af gaan haal. Hulle is nie vir die taak betaal nie, maar so 'n inwoner kon die helfte van die vrag hout vir homself en sy vriende hou. Meneer Tucker het dan die res van die hout onder weduwees en diegene wat nie self hout kon gaan haal nie, verdeel en versprei. Hierdie reëling was blykbaar heeltemal bevredigend en volgens die maandverslae in die Britse Blouboeke was daar geen klagtes oor te min vuurmaakgoed nie.<sup>5 2</sup>

Gedurende Januarie 1902 is die reëling en vergunning dat kampinwoners met hul waens hout kon gaan haal gestaak aangesien sewe man gedurende

---

<sup>4 9</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>5 0</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261.

<sup>5 1</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>5 2</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camps, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

dié maand met so 'n tog weggeloop het. Ander reëlings is getref en hout is toe per trein vanaf Nylstroom verkry.<sup>5 3</sup>

#### 4.4 SANITASIE

Waar daar duisende gevangenes vir maande op 'n beperkte ruimte gehuisves is, was een van die belangrikste take van die Britse owerheid en veral van elke kampsuperintendent in die besonder die daarstelling van 'n goeie sanitêre stelsel om goeie algemene gesondheid te verseker.

##### 4.4.1 Latrines

Met die stigting van die konsentrasiekamp het die Royal Engineers materiaal voorsien vir en hulp verleen met die oprigting van voldoende latrines.<sup>5 4</sup> In Junie 1901 was daar sestien latrines in die kamp,<sup>5 5</sup> 'n maand later is nog 2 bygevoeg,<sup>5 6</sup> in September is die latrines vermeerder tot twintig<sup>5 7</sup> en in Oktober is nog vier opgerig.<sup>5 8</sup>

Augustus 1901 was die maand met die meeste aantal kampinwoners, naamlik 3 713 en slegs agtien latrines wat dan 'n gemiddeld van 206 persone per

<sup>5 3</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609; Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.732.

<sup>5 4</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>5 5</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report; Cd. 819; Reports on the working of the Refugee Camps..., p.145.

<sup>5 6</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261.

<sup>5 7</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th September 1901, Monthly Report; Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88.

<sup>5 8</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report; Cd. 902; Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96.

latrine gee as al die kinders ook ingereken word. Gedurende Oktober 1901 was daar 3 593 inwoners en 24 latrines wat 'n gemiddeld van 149 mense per latrine gee.<sup>59</sup>

Die latrines was uit hout en yster gebou. Buite op elke toilet was daar aanwysings aangebring, naamlik "Vir mans en seuns" en "Vir vrouens en kinders".<sup>60</sup>

Meneer Van Rensburg het aan die hoof van die sanitêre personeel gestaan.<sup>61</sup> Die personeel het uit twee blanke mans en twaalf Bantoes bestaan.<sup>62</sup> Die emmerstelsel was in gebruik en daar was twee stelle emmers wat twee maal per dag leeggemaak is. Die inhoud van die emmers is in 'n sloot meer as 'n half myl van die kamp, gegooi. Vir elke dag is daar 'n sloot gegrawe wat dan weer toegemaak is nadat die afval daarin gegooi is. Die toilette is met kربولpoeier ontsmet en die emmers is met gebluste kalk skoon gemaak. Daar is gereeld vars riviersand op die toiletvloere gegooi en die nagsand is in die oggende weggery na slote meer as 'n half myl van die kamp af.<sup>63</sup>

---

<sup>59</sup> Waar die emmerstelsel vandag nog gebruik word, bv. op boupersese word slegs 15 tot 20 persone per latrine toegelaat en dan moet die emmers 3 maal per week geledig word. Volgens vandag se standaard was die aantal toilette in die kamp beslis min vir die aantal mense.

<sup>60</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>61</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>62</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>63</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12, 1901, Report by Kendal Franks.

Daar was aanvanklik klagtes oor die Boerevrouens se sin vir higiëne. Tucker kla dat baie van die kampinwoners wat hulle hele lewe lank op plase gebly het, aanvanklik nie van die geriewe gebruik wou maak nie.<sup>64</sup> 'n Maand later skryf Tucker weer dat die kampinwoners baie nalatig was in die nakom van die reëls vir goeie higiëne, maar dat streng toesig in dié verband geleidelik 'n verbetering van die toestand meegebring het.<sup>65</sup> Dokter Kendall Franks noem dat vir 'n tyd lank groot probleme ondervind is om die vrouens se latrines netjies en reg te hou. Hy verklaar dat die meeste van hulle groot minagting getoon het vir al die nuwigheide. Twee streng Boerevrouens wat op ander gebiede probleme en moeilikheid in die kamp gemaak het, is toe as polisie (toesighouers) by die latrines aangestel en met baie goeie resultate. Die twee vrouens het nie weer probleme in die kamp veroorsaak nie en alle klagtes oor die toilette se netheid en sindelikheid was iets van die verlede.<sup>66</sup>

Meneer W.F. Curry, die sanitêre inspekteur, het in sy verslag aangetoon dat die sanitêre werk goed gedoen is, maar dat daar nie geskikte voertuie was om die taak uit te voer nie. Hy beveel aan dat twee sanitêre tuimelvoertuie so gou as moontlik na die kamp gestuur moet word. Hy toon ook aan dat slegs 50 toiletemmers beskikbaar was en dat die balans van 250 emmers wat alreeds bestel was, so gou as moontlik aangestuur moes

---

<sup>64</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>65</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report; Cd. 819: Report on the working of the Refugee Camps..., p.145.

<sup>66</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12, 1901, Report by Kendal Franks.

word, asook 'n voorraad kربولpoeier en enige ander ontsmettingsmiddel vir die reiniging van die latrines.<sup>67</sup>

Vergelyk 'n mens die sanitasie van die Pietersburgse kamp met dié van ander kampe blyk dit uit beskikbare gegewens dat die inwoners van die Pietersburgse kamp gouer aangepas het by dié nuwe omstandighede, gouer gehoorsaam was aan die streng reëls daaromtrent en dat die sanitêre werk daar goed gedoen is.<sup>68</sup>

#### 4.4.2 Vullis

As en ander vullis is op hope gevee en dan is dit daaglik met drie waens weggery.<sup>69</sup> Die Dameskomitee noem dat 50 vullishouers, gebou van stene, dwarsdeur die kamp geplaas is en dat dit twee keer per dag leeggemaak is.<sup>70</sup>

Gedurende Augustus 1901 was daar ses opsigters, aangestel uit die kampinwoners, wat moes toesien dat die strate tussen die tente en die area om die tente skoongemaak word en dat die vullis verwyder word.<sup>71</sup> Elke kampinwoner was egter self verantwoordelik vir die netheid van sy tent, asook vir 'n sekere area om die tent. Twintig seuns het ook drie

---

<sup>67</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Pietersburg Camp, 31st December 1901, Report on Sanitary Condition.

<sup>68</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.74-75, 92; J.C. Otto; Die konsentrasiekampe, pp.104-118.

<sup>69</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>70</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>71</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.



maal per week deur die kamp gegaan en alle blikke, sakke, ensovoorts opgetel.<sup>72</sup>

Dokter Kendal Franks noem dat dié deel van die sanitêre werk baie goed gedoen is,<sup>73</sup> en die Dameskomitee beveel wel aan dat aparte houers vir nat vullis opgerig moes word, maar noem dat die sanitêre stelsel meneer Van Rensburg en sy personeel tot eer strek en dat hulle min kampe gesien het wat skoner en netjieser as die Pietersburgse kamp was.<sup>74</sup>

#### 4.4.3 'n Badhuis

Gedurende Oktober 1901 is 'n badhuis vir vroue langs die rivier opgerig en 'n stroom water sou permanent daardeur vloei.<sup>75</sup> In Desember word gemeld dat die badhuis 'n reuse sukses is en dat die vrouens van vroeg tot laat bad.<sup>76</sup>

### 4.5 RANTSOENE

Wanneer die onderskeie vrouens se kampherinneringe bestudeer word, is dit opvallend dat daar baie klagtes oor die voedsel was. Die vrouens het die voedsel sleg en selfs oneetbaar gevind. Die klagtes is

---

<sup>72</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>73</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>74</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>75</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps., p.97; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report.

<sup>76</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

verstaanbaar aangesien goeie voedsel só noodsaaklik is vir gesondheid en lewe.

Die Britse leërowerheid het dit beslis nooit ten doel gehad om die Boerefamilies te verhonger nie.<sup>77</sup> Hulle het egter met sake soos vervoer, ver afgeleë plekke en nog ander probleme te kampe gehad wat die voedselvoorsiening ernstig geraak het.

#### 4.5.1 Die rantsoenskaal

Aanvanklik was daar twee rantsoenskale, naamlik een vir "bona fide refugees", dit is persone wat na die kampe gekom het vir beskerming teen die Boere, en een vir alle ander groepe. Laasgenoemde was persone wie se naasbestaandes nog op kommando was en dus teen die Engelse geveg het. Die enigste verskil tussen die twee skale was die afwesigheid van vleis vir alle ander groepe.<sup>78</sup>

Na verskeie klagtes en vertoë het alle kampinwoners vanaf Maart 1901 dieselfde rantsoene ontvang, almal het toe met ander woorde vleis gekry.<sup>79</sup> Met die stigting van die Pietersburgse konsentrasiekamp in Mei 1901 was al die inwoners dus dadelik op dieselfde rantsoenskaal.

Die Dameskomitee het die volgende weeklikse rantsoenskaal per volwassene in die Transvaalse kampe gevind:

---

<sup>77</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.160.

<sup>78</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.162; S.B. Spies, *Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics: January 1900-May 1902*, pp.185-186.

<sup>79</sup> J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.164.

7 pond meel  
4 onse sout  
6 onse koffie  
12 onse suiker  
3 pond vleis  
1 pond rys  
seep en vuurmaakgoed.

Kinders het dieselfde rantsoene as volwassenes ontvang, behalwe vir die vleis. Kinders jonger as twaalf het net een en 'n half pond vleis per week gekry. Almal ouer as twaalf is as volwassenes gereken. Aangemaakte melk is ook aan kinders onder drie of vyf jaar uitgedeel.<sup>8.0</sup>

Dokter Franks meld dat die rantsoene in die Pietersburgse kamp dieselfde hoeveelheid en kwaliteit was as in die ander Transvaalse kampe.<sup>8.1</sup>

Opvallend van die rantsoenskaal is dat vars groente, vrugte en melk ontbreek het. Dit was beslis 'n leemte en het 'n bydrae gelewer tot swakker gesondheid en minder weerstand teen siektes.

#### 4.5.2 Die uitdeel van die rantsoene

In November 1901 is 'n gebou van yster en hout voltooi waarin drie winkels - die slaghuis, die rantsoene en addisionele voedsel (medical comforts) - gehuisves is. Hier kon die mense een keer per week vanaf agt voormiddag tot sewe namiddag kruideniersware gaan kry. Meneer

---

<sup>8.0</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.2, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

<sup>8.1</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, Report by Kendal Franks.

Tucker het die Dameskomitee beloof dat hy in die toekoms met die uitdeel van die rantsoene die blokmetode sou probeer. Hy sou dus die kamp in blokke verdeel en elke dag aan 'n ander groep rantsoene uitdeel en nie aan almal op een dag nie. Sodra daar genoeg onderwysers was, sou hy dit 'n reël maak het dat geen skoolkinders toegelaat sou word om rantsoene af te haal nie.<sup>8.2</sup> Hierdie aanbeveling en belofte is blykbaar nooit uitgevoer nie en die vrouens het dikwels gekla omdat hulle vir ure in die wind en weer moes staan om rantsoene te kry.

#### 4.5.3 Vleis

Vanaf Mei tot September 1901 het die kampinwoners vars beesvleis ontvang.<sup>8.3</sup> Dokter Franks noem dat die beesvleis van 'n baie beter kwaliteit was as die skaapvleis wat daar in sommige ander kampe voorsien is.<sup>8.4</sup> Tucker noem ook dat die vleis van goeie kwaliteit was en voldoende. Daar is ook deeglik seker maak dat net gesonde diere geslag word deurdat ses ervare kampinwoners eers die diere voor die slagtery moes ondersoek. Alle siek diere is dan na 'n aparte kamp vir siek diere geneem. Nadat die goedgekeurde diere geslag is, het dieselfde ses burgers weer die karkasse ondersoek en indien hulle sou fout vind met die vleis is dit dadelik begrawe. Gedurende die wintermaande Julie en

---

<sup>8.2</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>8.3</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69; Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88.

<sup>8.4</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

Augustus 1901 was die vleis natuurlik maer aangesien die weiding vir die diere swak was.<sup>8.5</sup>

Word daar na die kampherinneringe gekyk, kom absoluut die teenoorgestelde gegewens na vore. Die dames kla veral juis oor die vleis. Mevrone Mollet, Du Preez en Alberts kla aldrie dat hulle die vleis van siek diere gekry het.<sup>8.6</sup> Hoeveel waarheid daar in die beskuldiging steek, is moeilik om te bepaal. Dis waarskynlik dat vee se gehalte as gevolg van oorlogstoestande en die min weiding gedurende die wintermaande afgeneem het en dat die vleis sodoende net nie van dieselfde kwaliteit was as waaraan die Boervrouens gewoond was nie. Meneer Tucker se stelsel van slagvee uitsoek is as die beste van alle konsentrasiekampe beskou.<sup>8.7</sup>

Gedurende Oktober 1901 was daar geen vars vleis beskikbaar nie en blikkiesvleis is uitgereik.<sup>8.8</sup> Die Dameskomitee noem op die 17de en 18de November 1901 dat die kampinwoners al vir vier weke geen vars vleis ontvang het nie aangesien geen vee buit gemaak en na die kamp gebring is nie en dat die kampinwoners geweier het om hulle eie vee te slag.<sup>8.9</sup> Gedurende die tweede helfte van November 1901 en gedurende Desember 1901 is blikkiesvleis en vars vleis afwisselend uitgereik. Ongelukkig word nie gemeld hoe gereeld die blikkiesvleis met vars vleis afgewissel is

<sup>8.5</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.261, 374-375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>8.6</sup> M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., pp.25, 28, 62.

<sup>8.7</sup> J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.95.

<sup>8.8</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report.

<sup>8.9</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

nie.<sup>90</sup> Gedurende Januarie 1902 het die inwoners twee keer bevrore vleis en die res van die tyd blikkiesvleis ontvang.<sup>91</sup>

Om duisende inwoners weekliks van vars vleis te voorsien vereis groot hoeveelhede slagvee. Met die verloop van die oorlog het die slagvee geleidelik skaarser geword en die voorsiening van vars vleis het dan afgehang of Britse troepe vee gebuit het of nie. Dat die kampinwoners geweier het om hul eie vee te slag is te verstane aangesien dit hul enigste besitting was waarmee hulle weer 'n begin kon maak na die oorlog.

Die Dameskomitee het aangetoon dat vars vleis net so noodsaaklik is soos suiwer water en dat blikkiesvleis nie geskik is nie - veral nie vir kinders nie. Met so 'n dieet sou hulle geen weerstand teen siektes hê nie.<sup>92</sup> Dit is dan ook opvallend dat gedurende Oktober en November 1901 baie mondere onder die kampinwoners voorkom en dokter Henderson skryf dit toe aan die dieet van blikkiesvleis sonder enige vars groente of vrugte. Hy het dadelik lemmetjiesap bestel en aan die siekes voorsien.<sup>93</sup>

---

<sup>90</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>91</sup> FK. 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.733; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report.

<sup>92</sup> Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, February 1902, Concentration Camps Commission, General Recommendations regarding the Concentration Camps in the Transvaal.

<sup>93</sup> Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.97; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

Oor die blikkiesvleis was daar ook klagtes. Mevroue Du Preez en Alberts kla dat die blikkiesvleis vol hakies was.<sup>94</sup>

#### 4.5.4 Melk

Melk was deel van die rantsoenskaal vir kinders, maar vars melk was skaars tydens die konsentrasiekampe se bestaanstyd. Die Britse leer het wel groot hoeveelhede beeste gedurende die oorlog buitgemaak, maar daar was weinig melkkoeie beskikbaar.<sup>95</sup> Vars melk was baie noodsaaklik vir die kinders omdat hulle dieet so weinig voedsame voedsel bevat het, maar "Milkmaid", 'n gekondenseerde melk, is gebruik. Die melk is aangemaak in die verhouding van een deel gekondenseerde melk tot sewe dele kookwater. Uit een blikkie gekondenseerde melk is drie bottels melk aangemaak. Daar is omtrent ses dosyn blikkies melk per dag gebruik en sodoende is omtrent agtien dosyn bottels melk daaglik uitgereik. Dié melk is uitgedeel aan alle siekes, alle kinders jonger as 'n jaar, alle kinders jonger as vyf jaar wie se moeders daarom gevra het, en alle ou mense en verswakte persone. Daar was geen besuiniging ten opsigte van die melk nie.<sup>96</sup> Die Dameskomitee het bevind dat melk aan alle kinders jonger as drie jaar uitgedeel is.<sup>97</sup>

Die belangrikheid van vars melk vir die kinders blyk uit dokter Henderson se aanbeveling dat alle melkkoeie wat aan die kampinwoners behoort het, opgekommandeer moet word sodat die melk aan die kinders

<sup>94</sup> M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe...*, pp.28, 62.

<sup>95</sup> Cd. 902: *Further papers relating to the working of the Refugee Camps...*, p.1.

<sup>96</sup> Cd. 819: *Reports on the working of the Refugee Camps...*, p.219, Pietersburg, August 12, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>97</sup> Cd. 893: *Report on the Concentration Camps...*, p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

voorsien kon word.<sup>98</sup> Hierdie aanbeveling is nie uitgevoer nie en die tekort aan vars melk sou 'n gebrek in die kinders se dieet bly.

#### 4.5.5 Meel, rys, suiker en koffie

Volgens Britse verslae was die meel voldoende en van goeie kwaliteit en slegs in Mei 1901 was 'n paar sakke meel beskadig.<sup>99</sup> Mevrouw Mollett kla egter dat die meel vol miet was.<sup>100</sup> Volgens beskikbare gegewens wil dit voorkom asof laasgenoemde die uitsondering en nie die reël was nie.

Rys was deel van die rantsoenskaal, maar op 12 Augustus 1901 het die inwoners nog nie een pond rys per week ontvang nie aangesien dit nog nie gekom het nie. Daar is ook geen ander voedsel in die plek daarvan uitgereik nie aangesien daar geen mieliemeel of 'n plaasvervanger in voorraad was nie.<sup>101</sup> In November 1901 het dokter Daniel Henderson aanbeveel dat in die rantsoene die mieliemeel met rys afgewissel kon word.<sup>102</sup> Of die aanbevelings uitgevoer is, blyk nie uit die gegewens nie. Meneer Tucker kon egter net uitdeel wat hy ontvang het.

---

<sup>98</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, November 30th, 1901, Report by medical officer.

<sup>99</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69.

<sup>100</sup> M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.25.

<sup>101</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>102</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, November 30th, 1901, Report by medical officer.



Volgens die rantsoenskaal het elke persoon ses onse koffie per week ontvang, maar wanneer rou koffiebone uitgereik is, het die Pietersburgse konsentrasiekampinwoners 'n addisionele twee onse ontvang.<sup>103</sup>

Oor die suiker was daar ook klagtes deur die kampinwoners. Mevrouw Du Preez kla byvoorbeeld dat die suiker vol blousteen was.<sup>104</sup>

#### 4.5.6 Seep

Alhoewel seep nie 'n voedsel is nie, het dit tog deel uitgemaak van die rantsoenskaal. Net soos wat goeie voedsel 'n vereiste is vir goeie gesondheid is seep noodsaaklik vir goeie higiëne en dus ook vir goeie gesondheid. Seep is egter nie soos voorgeskryf aan alle inwoners uitgedeel nie, maar dié wat 'n geldjie gehad het, moes dit nog op seep spandeer. Gedurende Mei 1901 is seep een keer per week uitgereik aangesien die inwoners dit nog nie in die kamp kon koop nie.<sup>105</sup>

Na die opening van die kampwinkel op 26 Junie 1901 is seep slegs aan diegene wat dit nie kon koop nie, uitgedeel. Afhangende van die grootte van die familie is dan 'n halwe of 'n hele steen seep weekliks uitgereik.<sup>106</sup>

---

<sup>103</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>104</sup> M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.28.

<sup>105</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

<sup>106</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

#### 4.6 ADDISIONELE VOEDSEL

Alhoewel nie alle kampinwoners addisionele voedsel ontvang het nie, het dié voedsel tog 'n belangrike rol gespeel in inwoners se stryd om oorlewing. Invalides, kinders en bejaardes kon op doktersvoorskrif voedsel soos pêrelgort, maizena, melk, vleisekstrakte, brandewyn, wyn, pylwortel, rys, botter, tee, konfyt, meel en hawermeel ontvang wat beslis gehelp het om gestelle op te bou en beter gesondheid te versker.<sup>107</sup>

#### 4.7 GROENTE EN VRUGTE

Meneer W.K. Tucker, die Algemene Superintendent, skryf op 23 Januarie 1902 aan J.G. Maxwell, die Militêre Goewerneur, dat groente verskaf word waar moontlik, maar dat daar nie oor soveel groente beskik is dat dit 'n gereelde voedselrantsoen kon word nie. Hy noem ook dat dit moeilik was om groente aan verafgeleë plekke soos Pietersburg, Mafeking en Vryburg te voorsien.<sup>108</sup>

'n Groentetuin is gedurende Augustus 1901 aangelê,<sup>109</sup> maar die inwoners het nie werklik voordeel hieruit getrek nie. Eers in Januarie 1902 het dié tuin groente aan die hospitaal gelewer en was daar 'n hoeveelheid aartappels en mielies beskikbaar vir die kampinwoners.<sup>110</sup>

<sup>107</sup> Vergelyk hoofstuk 6 oor die mediese dienste in die kamp.

<sup>108</sup> Cd. 936: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, March 1902, p.15, W.K. Tucker to J.G. Maxwell, January 23rd, 1902.

<sup>109</sup> Cd. 819: Report on the working of the Refugee Camps..., p.376; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>110</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK. 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.736.

Eers vanaf November 1901 tot Januarie 1902 is groente wat in die dorp gekweek is, twee keer per week in die kamp verkoop. Die kampinwoners het die groente en vrugte gretiglik opgekoop.<sup>111</sup> Gedurende Desember 1901 is uie aan die inwoners uitgedeel<sup>112</sup> en gedurende Januarie 1902 is aartappels en uie aan die inwoners uitgedeel.<sup>113</sup>

Hierdie gebrek aan vars groente en vrugte het beslis die inwoners se gesondheid benadeel. Daar is reeds daarop gewys dat dokter Henderson die baie mondse onder die inwoners in Oktober en November 1901 aan die gebrek van vars vleis en vars groente en vrugte toegeskryf het.

#### 4.8 DIE KAMPWINKEL

Die 26ste Junie 1901 het die here "Poynton Brothers" 'n winkel in die kamp geopen wat vir die hele duur van die kamp baie goed deur die kampinwoners ondersteun is.<sup>114</sup> Die winkel het altyd 'n goeie voorraad gehad en wanneer 'n nuwe besending goedere aangekom het, het die kampinwoners gretiglik kom koop. Die goedere wat die meeste opgekoop is, is klere en luukshede soos lekkers, Chinese vye en ingemaakte vis.<sup>115</sup>

---

<sup>111</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report; FK. 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.736.

<sup>112</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

<sup>113</sup> FK. 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.733.

<sup>114</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>115</sup> Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88; Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96.

Die winkel se pryse was baie billik<sup>116</sup> en die kampinwoners het die winkel baie goed ondersteun. Binne die eerste ses weke na die winkel se opening is goedere ter waarde van £2,063 gekoop.<sup>117</sup> Dokter Franks het daarop gewys dat goedere soos meel, blikkiesvleis, koffie en bovril geen aftrek gekry het nie, maar dat die mense eerder luukshede gekoop het. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die kampinwoners nie noodsaaklike lewensmiddele gekoop het nie en dit was vir hom 'n bewys dat die voedselrantsoene voldoende was.<sup>118</sup>

Wanneer die dieet van pap of rys, brood en vleis in gedagte gehou word, is dit tog verstaanbaar dat die inwoners die goedere gretiglik opgekoop het. Per slot van rekening het hulle die groente net so gretiglik opgekoop.

---

<sup>116</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>117</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

<sup>118</sup> Dr. Kendal Franks het gedink dit sou van belang kon wees om die eerste twee besendings goedere wat in Junie aangekom het en wat vinnig opgekoop is, te noem om te bewys dat die mense nie lewensmiddele, maar luukshede gekoop het:

**EERSTE BESENDING**

2 kaste vars harings  
 1 kas gemengde lekkers  
 1 fles lekkers  
 1 fles botterkaramel lekkers  
 1 kas asyn  
 10 dose kerse  
 20 sakke rys  
 2 kaste blikkies biltong  
 2 kaste Sunlight seep  
 1 kas Findon skelvis  
 1 kas Libby's blikkiesvleis  
 2 kaste verskeidenheid vrugte  
 1 kas lemmetjiesap

**TWEEDE BESENDING**

6 kaste hawermeel  
 5 kaste Lyle stroop  
 1 kas vuurhoutjies  
 1 kas heuning  
 1 kas harings  
 1 kas korinte  
 2 kaste salm  
 1 kas pêrelgort  
 3 kaste ingelegde gemmer  
 5 dose rosyne  
 1 kas kerriepoeier  
 1 kas slaaiolie  
 1 kas kokosolie  
 2 kaste gemengde lekkers  
 1 rol materiaal

#### 4.9 KOMBUISE

Daar was geen publieke oonde in die kamp nie, maar stene is wel voorsien vir die bou van oonde. Families het saam gewerk, 'n oond gebou en dit gebruik. Van die inwoners het ook stowe van gegalvaniseerde yster gemaak en steenkool het baie goed daarin gebrand.<sup>119</sup>

#### 4.10 VEE EN SLAGPLEKKE

Vee wat gebuit is, is na die kamp gebring vir gebruik. Gedurende Mei 1901 was daar 2 306 beeste, 2 465 skape, 639 donkies en 65 perde en muile. Snags is die diere in 'n kraal gehou en bedags het die vee in die omgewing van die kamp gewei. 'n Wag, bestaande uit 'n aantal jong mans wat 'n eed van neutraliteit afgelê het, het die diere bedags opgepas.<sup>120</sup>

Die kampinwoners het hulle eie vee aangehou wat bedags in die omgewing van die kamp gewei het en deur kampinwoners opgepas is en snags in krale gejaag is. Gedurende Junie 1901 het die kampinwoners byvoorbeeld 3 700 beeste, 3 000 skape en bokke, 1 200 donkies en 107 perde en muile besit.<sup>121</sup>

Ons het reeds gesien dat die inwoners vanaf Oktober 1901 hoofsaaklik blikkiesvleis of bevrore vleis ontvang het, maar dat hulle geweier het om hul eie vee te slag.

---

<sup>119</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>120</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

<sup>121</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.376.

Daar was twee slagplekke, een aan elke kant van die rivier. Die slagplek die naaste aan die kamp is net gebruik wanneer die rivier in vloed was en hulle nie kon deurgaan na die anderkant van die rivier toe nie. Albei die slagplekke is skoon en netjies gevind.<sup>122</sup>

#### 4.11 KOMBERSE EN KLERE

Baie van die kampinwoners het as gevolg van die wyse waarop hulle van hul huise weggevoer is met die minimum klere, beddegoed, eetgerei en meubels by die kamp aangekom<sup>123</sup> en hulle het ook nie geld gehad om te koop nie. Hulle was dus totaal onvoorbereid vir die lang en ongewone harde leefwyse wat op hulle gewag het. Aangesien daar omtrent geen mense in Pietersburg was nie, was daar geen plaaslike komitees wat in dié opsig hulp kon verleen nie.<sup>124</sup> Meneer Tucker en sy personeel moes die inwoners ook in dié opsig so goed as moontlik versorg en baie komberse en klere is aan die behoeftige mense uitgedeel.<sup>125</sup>

---

<sup>122</sup> Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>123</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; Vergelyk ook Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.24, G.A. Goodwin to J.G. Maxwell.

<sup>124</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>125</sup> Vergelyk hoofstuk 6 - die noodlenigingswerk wat deur die kampmatrone verrig is.

#### 4.12 INSPEKSIES

Howel die kampinspeksies nie 'n fisiese gerief is wat daargestel is nie, hang dit ten nouste saam met die fisiese versorging van die inwoners. Hoewel al die kampe dieselfde voorskrifte gehad het in verband met behuising, voedselrantsoene, water en sanitasie het die standaard van dié sake baie afgehang van die superintendent se persoonlikheid, sy bekwaamheid en sy samewerking met sy kamppersoneel. Die kampinspeksies was dus van die allergrootste belang om die standaarde in die kampe te verbeter en die inwoners se fisiese welsyn te verseker.

Die kamp is tot en met sy verskuiwing drie keer geïnspekteer. Op die 10de en 11de Augustus 1901 het dokter Kendal Franks, raadgewende geneesheer by die Britse koninklike magte, die kamp en sy werking baie deeglik geïnspekteer.<sup>126</sup> Op 17 en 18 November 1901 het die Konsentrasiekamp Kommissie, dit is die Dameskomitee bestaande uit M.G. Fawcett, K.B. Brereton, L.A.E. Deane, A. Knox, E.C. Scarlett en J.E. Waterston, die kamp besoek en 'n verslag opgestel.<sup>127</sup> Op die 30ste en 31ste Desember het meneer W.F. Curry, sanitêre inspekteur, die sanitasiestelsel van die Pietersburgse konsentrasiekamp baie deeglik geïnspekteer.<sup>128</sup>

---

<sup>126</sup> Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.376; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

<sup>127</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report; Cd. 893; Report on the Concentration Camps..., pp.203-208, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

<sup>128</sup> DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Pietersburg Camp, 31st December 1901, Report on Sanitary Condition.

#### 4.13 SAMEVATTING

Die superintendente van die konsentrasiekampe het dus 'n baie verantwoordelike, maar ook 'n besonder uitgebreide en ingewikkelde werk gehad. Die superintendent was verantwoordelik vir duisende mense wat van al hulle bestaansmiddele ontnem is. En alhoewel die kampe by die siviele administrasie ingeskakel was, moes die militêre beheer die vervoer, treindiens en voorsiening van voedselvoorrade administreer en kon die superintendente slegs uitgee wat tot hulle beskikking gestel is. Die militêre administrasie was met 'n oorlog besig en die voorsiening van die nodige aan die manskappe, die vervoer van wapentuig, ensovoorts het die swaarste geweg en daarna eers is die kampbewoners in aanmerking geneem.

Die Boervrouens en -kinders daarteenoor het met die minimum lewensmiddele in die kamp aangekom en was nie voorbereid op die maande en selfs jare se leef in die ongewone omstandighede en toestande nie. Die tentbehuising het veral as gevolg van weersomstandighede baie ongerief meegebring; die dieet sonder vars melk, groente en vrugte het beslis hulle gesondheid nadelig beïnvloed en sy tol geëis. Die kampwinkel het tog 'n belangrike diens gelewer daar sommige inwoners tog voedsel daar kon koop en so hulle lewenstandaard kon verhoog.